

Verdwaal

Die lewe is 'n lied, nee, dis 'n avontuur. Gelukkig is daar verskillende vlakke van avontuur want nie almal van ons wil uit 'n vliegtuig spring, diepsee duik, seekoeie melk, krokodille tem, spoke oproep of drie dae en drie nagte deur die Sahara loop net vir die strewe na avontuur nie. Vir party mense is dit seker 'n avontuur net om TV te kyk of om op 'n Sondag te ry en te gaan kyk hoe Hartbeespoort dam oorloop. Een ding in gemeen met enige avontuur is dat jy gewoonlik êrens heen moet gaan om dit te beleef.

Indien jy 'n avonturier of avontuur lustige tipe persoon is en jy nog nooit verdwaal het nie dan is jy bleddie spesiaal. Om te verdwaal is baie maklik. Ek sien dit gereeld as ek deur 'n inkopiesentrum loop. Daar is baie verlore mense daar. Verdwaal in 'n wêreld van eensaamheid, sonder avontuur, geïsoleerd en wat net wêreldse goed versamel in plaas daarvan deur te lewe om 'n verskil te maak.

Party van hulle kan skaars loop so verstop is hulle aan te veel gemorskos, genetiese gemodifiseerde snert en kunsmatige versoeters. Die mense loop asof oppad nêrens heen nie. Hulle sien niks nie. Niemand maak oog kontak nie en baie selde wys hulle emosies. Geen droë glimlag of knik van 'n kop om te wys hulle sien darem hulle medemens nie. Verlore man. Ek sê julle, hulle is verdwaal.

Die sport industrie is natuurlik bestrooi met 'n doolhof van inligting waarin jy maklik kan verdwaal. Ja, jy kan maklik verdwaal in al die feite, rate, rubrieke en stories wat van leuke tot professore verkondig word. Klere, oefen tegnieke, dieët planne, rus periodes, hoogtepunt beplanning, periodisering, kritiese oefen ladings, maksimum effektiewe volume, aerobiese vlakke, isokinetiese elektroliet vervanging, noem dit en dit lei jou in 'n gang in wat nie 'n einde het nie.

Wat ons eintlik na wil kyk is wanneer jy nou regtig verdwaal. Ek weet nie waar ek is nie verdwaal.

Terwyl jy aan avontuursport deelneem is die moontlikheid dat jy gaan verdwaal sekerlik een of ander tyd jou voorland.

"Waar is ons?"

Dit is die vraag wat niemand wil vra of hoor na ure se swoeg en sweet, uitgeput, gatvol, honger, dors en ergste van alles wanneer dit ook begin donker word nie.

Onvergeeflik is wanneer jy met 'n topografiese kaart in jou hand in blote daglig waar landmerke uitstaan, verdwaal. Om in die bosveld wat plat is te verdwaal kan nog aanvaar word maar met 'n kaart tussen groot landmerke of dit nou nagmaak of eg is, nee. Hou net by die basiese beginsels. *Common sense* as jy nie weet wat basiese beginsels is nie.

Ek vra altyd kinders by avontuursport oefen kampe wat die belangrikste reël is vir 'n avontuur wedren. My ongekompliseerde direkte antwoord is altyd dieselfde.

"Jy moet altyd weet waar jy is."

Die verklaring is tweevoudig. Die een is om te weet waar jy is op die kaart en die ander is om te weet waar jy fiesies op die grond is. As jy een van die twee basiese beginsels nie weet nie dan is jy amptelik verdwaal. So, reel nommer een is dat **jy moet weet waar jy is**.

Die reëls in avontuursport is amper kronologies met die uitroep op logies. Die mees logiese volgende reël (volgens my natuurlik en nadat jy weet waar jy op die kaart en op die grond is) is dat **jy moet weet waarheen jy wil gaan**. As jy nie weet waarheen jy moet gaan nie dan is jy seker ook maar verdwaal. Dit is van kardinale belang dat jy moet beplan waarheen jy wil gaan. Roete beplanning verg natuurlik sy eie lys van dinge om in ag te neem. Jy kan jouself 'n legio van vrae indink wat 'n invloed gaan hê. Hoe lank gaan dit vat? Hoeveel water moet ek saam dra? Hoeveel kos gedra moet word? As ons fiets gaan ry, wat sal die gemiddelde spoed wees, waar moet ons afdraai, gaan ons nat word, gaan ek my fiets moet dra op een of ander stadium, vat ek gereedskap

saam, dra ek 'n spaar binneband, het iemand 'n pomp vir 'n pap wiel en so kan dit aangaan vir ewig? Gaan dit moontlik reën en moet ek plek maak vir 'n reënjas of moet ek sonskerm inpak vir my delikate velletjie, ens, ens?

Kouse, dis nou iets belangriks. Blase op die voete is vyand nommer een en vooruit beplanning oor hoe om blase te hanteer kan die verskil maak tussen 'n ervaring om te deel of een reguit uit die hel uit.

Die derde reël om in ag te neem met avontuursport is **om nooit 'n ander span te volg nie**. Hulle kan verdwaal wees en as hulle 'n halwe breinsel deel sal hulle dit nooit erken nie. So, in plaas van om 'n ander span te volg maak liewers seker jy weet waar jy is en waarheen jy oppad is.

As jy verdwaal is kan jy die ander span mooi vra om jou te wys waar jou huidige posisie op die kaart is. Jy weet, jy wil mos net seker maak.

Die vierde reël is weereens volgens my van kardinale belang en kan die verskil wees tussen sukses of mislukking. **Daar kan net een navigeerder wees**. Net een persoon in die span maak die finale besluit vir waarheen julle gaan. Oor die jare het ek die resep gesien werk vir suksesvolle spanne. Jy kan dit seker 'n metode noem. Die navigeerder maak die besluit en bevestig dit met sy hulp navigeerder. Na hy (of sy) dit bevestig het met die hulp navigeerder lig hy die ander lede in van die plan van aksie en daarna hou hy die span op hoogte van hul posisie tydens die wedren. Sodoende kan spanlede vrae vra oor rigting, afdraaiplekke en die navigator bystaan.

As jy nie jou navigator vertrou nie, moet nie saam met daai persoon deelneem nie, jy gaan net gefrustreerd word en nie die sport geniet nie. Die belangrikste ding met navigasie is dat jy vroeg moet eerlik wees en erken dat jy nie kan navigeer nie. Dit is nou maar net so dat party mense nie 'n sin vir rigting het nie. Dit beteken nie dat jy nie 'n aanwys vir die span kan wees nie, bly net weg van die kaart af.

Bo aan die lys van goed wat jy pak vir 'n avontuursport wedren is die enigste stuk toerusting wat onmisbaar is in jou strewe na sukses.

Jou kompas

Ja, jou kompas is die een stukkie toerusting waarsonder 'n span nie kan deelneem nie en is 80% verantwoordelik vir mislukking en onttrekking van spanne aan wedrenne wat sukkel met navigasie. Dit is die eerste hulpmiddel wat jy gebruik om jou kaart mee te oriënteer en so ook jouself. In die nag kan ek my nie indink dat iemand nie heeltyd 'n kompas byderhand hou om mee rigting te hou nie. Onthou, in die aand sien jy nie landmerke wat tydens daglig duidelik sigbaar is nie en daarom kan jy nie landmerke vertrou wat op die kaart aangedui is om jou in die nag te help nie. Hoe om ware Noord te bepaal terwyl jy toelaat vir magnetise deklinasie en daarna jou kaart te oriënteer, is krities. **Gebruik deurentyd jou kompas.** Reël nommer vyf is krities.

Reël nommer ses kan maklik ook reël nommer een gewees het maar volgens my nie so belangrik nie maar steeds belangrik genoeg om in ag te neem. Die hang af van die dinamiek van 'n span of dié reël toegepas moet word of nie. **As die kaptein van die span nie die navigeerder is nie kan die kaptein nie die navigeerder se besluit veto nie.** Die kaptein kan slegs die navigeerder bystaan en aanbevelings maak soos enige ander lid van die span. Die kaptein is maar net eintlik die woordvoerder van die span wanneer dit by die pers kom, natuurlik om vrede te bewaar en so paar ander dingetjies.

Basies het 'n avontuur wedren baie in gemeen met die regte lewe. Die lewe is mos eintlik maar net 'n nimmer eindigende avontuur.

Weet waar jy is ten alle tye. Weet hoekom, waar, hoe en saam met wie jy inpas. Jy moet vertrouwd wees met jou werk, sosiale lewe, geestelike toestand, fisiese toestand en globale posisie in die samelewing sodat jy nie verdwaal voel nie.

As jy nie weet waar jy is in jou lewe nie hoe sal jy weet waarheen jy oppad is? Almal, maak nie saak hoe oud jy is nie, moet 'n doel hê, 'n

mikpunt, 'n visie van waarheen jy wil gaan. Of dit nou werk, sport of sosiale mikpunte is, die feit bly staan, jy moet een of ander tipe van toekoms beplanning in plek hê. Al gehoor van die volgende gesêde?

"As jy nie weet waaheen jy gaan nie sal enige pad jou daarna ly."

Jy moet maar liewers 'n bestemming kies en seker maak dat jy die roete beplan hoe om daar uit te kom.

Indien jy nie beplan en sekere hulpmiddels inspan om jou rigting te gee nie gaan jy maklik verdwaal. Soms kan 'n vriend of kennis die kompas wees wat jou rigting gee. Voorgevoel en literatuur kan natuurlik ook help om die regte pad te kies.

Jy moet altyd jou eie planne maak en uitvoer. Moenie 'n blinde volgeling wees nie, wees 'n leier. Daar is 'n legio voorbeelde.

Indien jy jouself in 'n span bevind moet jy duidelik elke lid se posisie verstaan en respekteer. Aanvaar insette en besluite maar voel vry om jou eie insette en aanbevelings te offer.

Avontuur kan meer wees as net die gejaag na adrenalien.